# QPro Volledige Kalfgroei
V21663 (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Volledige Kalfgroei is geformuleer om vanaf QPro Kalfaanvangs oor te skuif tydens speentyd. Die doel van hierdie produk is om vinnige groei en verdere rumenontwikkelling te bevorder en om kalwers voor te berei vir hoër veselinnames vanaf die veld. Hierdie produk bevat deurvloeiproteïenbronne van hoë kwaliteit en energie asook 'n gebalanseerde vitamiene- en spoormineraalsamestelling om vinnige en gesonde groei te verseker. Dit bevat ook 'n koksidiostaat vir die voorkoming van koksidiose in hierdie vroeë stadium. Hierdie produk kan suksesvol gevoer word aan vleisbeeskalwers as 'n kruipvoer. Voorsien die produk in voerbakke binne doelgemaakte kruipvoerkampies. Die produk is bekikbaar in meel- of korrelvorm.

## Voeraanbeveling

Met die oorgaan vanaf QPro Kalfaanvangs moet die aanpassing geskied oor 5 dae teen 50% QPro Kalfaanvangs en 50% QPro Volledige Kalfgroei. Tydens die voer van QPro Volledige Kalfgroei moet diere vrye toegang tot ruvoer/veld beskikbaar hê om veselinnames te stimuleer. Voer 'n maksimum van 2,5% van liggaamsmassa van QPro Volledige Kalfgroei. Sorg dat diere altyd vrylik toegang het tot skoon water.

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 150 |
| NPN-% (maks) | % | 13,4% |
| Ureum (maks) | g/kg | 7 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min/maks) | g/kg | 25/70 |
| Ruvesel (min/maks) | g/kg | 100/150 |
| Ca (maks) | g/kg | 8 |
| P (min) | g/kg | 3,5 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*

## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke.

## Waarskuwing

Hierdie produk bevat NPN-bronne en/of geregistreerde medikamente. Voer dus streng volgens voorskrifte.




# DIERE